

Donderdag 3 Maart

Skrifgedeelte: Levitikus 11:1-3, 41-47; 20:7-8

Fokusgedeelte: Levitikus 11:44, 45; 20:7-8

Wees in elke lewensfaset dankbaar en gehoorsaam aan die Here

Ons verhouding met God is lewend en dinamies. Dit omvat lewenslank elke faset van ons lewe. God maak Hom aan ons bekend:

- *“Ek is die Here, julle God (11:44; 20:7).* Hy voeg daarby dat Hy sy volk uit Egipte laat optrek het om vir hulle 'n God te wees (11:45). Toe die slawerny ondraaglik raak, het Hy hulle in genade uit Egipte verlos. Hierdie bekendstelling herinner sterk aan die inleiding tot die Tien Gebooe (Eks. 20:2). Israel en ons het veral die verlossing uit ons sonde nodig. Dit het God deur sy Seun bewerk.
- *“Ek is heilig” (11:44, 45).* Daarmee sê Hy dat Hy God is. Hy is vol majesteit; Hy wek ontsag; Hy is moreel oneindig suiwer.

Die Here ons God sê wat Hy verwag van ons wat aan Hom behoort:

- *“Wees heilig, want Ek is heilig” (11:44, 45).* Israel moes as volk wat aan Hom behoort, eenkant van en anders as die heidenvolke leef. Die heiligheid wat God vra, bewerk Hy self (20:8). Ons weet Hy bewerk dit deur sy Gees. As gelowiges in die tydvak van die Nuwe Testament moet ons uit dankbaarheid die leiding van die Heilige Gees volg en as verlostes leef (Rom. 8:14).
- In Levitikus 11 onderskei die Here tussen rein diere wat sy volk mag eet en die onreines wat hulle nie mag eet nie. Die ou Israeliete moes God se opdragte hieroor nougeset uitvoer. Toe Petrus in geestesvervoering raak, wou hy nie die opdrag nakom om onrein diere te eet nie. Die stem wat hom gemaan het om nie dit wat God rein gemaak het, onrein te ag nie (Hand. 10:10-15), dui op die opheffing van hierdie onderskeid.

As eiendom van die Here moet ons uit dankbaarheid in elke faset van ons lewe die Here gehoorsaam – Hom so verheerlik.

Sing: Psalm 103-2:1

Ds. JH Jordaan (Johan) (emeritus)